Veertig jaar in die Wildernis Voor die bou van die ark. *Ita Schulze*

Nadat die Israeliete uit Egipteland getrek het (Eksodus 19:1), het hulle aangekom by die gebergte van Sinai wat ongeveer 3.3 kilometer lank en 800m breed is. Hier by die berg Sinai het God aan Moses die kliptafels waarop die wet en gebooie geskryf is, gegee. Hierdie gebooie is in die ark bewaar. Die ark is elke dag deur die Leviete priesters ongeveer 800 meter voor die volk uit gedra na hulle volgende rusplek. Die ark moes altyd voor die volk uittrek, dit het ook vir hulle die rigting aangedui (Josua 3:3).

Voor die Israeliete egter by Sinai aangekom het, het hulle by Ráfidim aangekom. Ráfidim beteken 'Rusplek' of 'Verfrissing'. Dit is geleë in 'n taamlik breë, ongeveer 1000 vierkante meter groot, en vrugbare vallei. Om die waternood te verlig het Moses op 'n rots geslaan sodat daar water was. Hier het die Amalekiete hulle vir die eerste keer aangeval en is deur die Israeliete verslaan (Eks 17:8-13).

Op die kaart kan Ráfidim links, amper heel onder gesien word. Regs is 'n illustrasie van die stowwerige woestynveld met 'n "Acacia pachyceras" boom. Die ark was van dié sterk hout gemaak.



Die Amalekiete was 'n nomadevolk wat in die woestyn tussen Egipte en Kanaän rond getrek het. Hulle was die eerste van die heidense volke wat die Israeliete aangeval het. Die Babiloniërs het hulle die *Sute* genoem. Sute was die koninklike skriba van die Babiloniërs wat die lys van hulle gode op die sogenaamde 'Groot Tablet' geskryf het. In Egipteland is na die Amalekiete verwys as die *Sittiu*. In die Amarnabriewe word na hulle verwys as die 'plunderaars'.

Amalek was die seun van Élifas en Timna. Élifas was die seun van Esau en die agterkleinseun van Abraham. Timna was die suster van Lotan een van die stamhoofde van die Horiete wat in die gebiede oos en suid van die dooie see gewoon het. Amalek, ook 'n afstammeling van Esau, was 'n stamhoof wat in die land Moab oos van die dooie see en net noord van Edom gewoon en rond getrek het. Hierdie inwoners van die woestyngebiede het gedurig oorlog gevoer met die afstammelinge van Jakob. Abraham se ander kleinseun Jakob, was die voorvader van die Israeliete wat uit Egipteland getrek het tydens die Eksodus.

Nadat die volk die ark gebou het om die Tien Gebooie daarin te bewaar, het hulle getrek na Kades-Barnéa waar hulle agt-en-dertig jaar vertoef het. Dit is na gebiede van Edom en Moab waarheen Moses die twaalf verspieders gestuur het om die land en sy inwoners te verken.

Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 35, nr 11 Sondag 7 April 2019
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 018 294 3402
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Predikant:** Ds Ronald Bain **082 339 0933**
Kantoor **018 294 4600** **Faks: 086 610 9283** Pastorie: **018 293 2116** Karin Bain **082 532 1620**
Hulpprediker: Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Koster Pieter Bouwsema **082 923 1384** **Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte: Ouderlinge: Wyk C1 **Gert van der Walt,** C2 is **Wynand Putter,** diakens wyke C1 **Fanie Kruger** en C2 **Reinhart Boersema.**
Teeskink na die erediens: Susters van wyke A3 en A4. **Frieda van der Walt en Marié Badenhorst.** Susters van hierdie wyke word gevra om te help
Diens by Huis Eikelaan om 15:30: Ouderlinge van wyke C2 en C3. **Wynand Putter en Gerrit Badenhorst**
Bussiediens: Vandag ry **Terence Kent** 072 617 7553
Sondag **14 April** ry **Naldo Kent** 071 511 7091

Goeiemôre broers en susters, kinders en besoekers

EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Ronald Bain

OGGEND: **Skrifgedeelte:** Openbaring 3:14 - 22
Fokusgedeelte: Openbaring 3:16,17
TEMA: ***Die evangelie van Christus dring ons om vurig van gees te wees.***
SING: Vooraf: Skrifberyming 44: 1, 4, 5
Tydens die diens: Psalm 118: 1, 2; Psalm 40: 4; Psalm 119: 17, 50; Psalm 84: 1, 3, 6

AAND: **Skrifgedeelte:** Hebreërs 6:1 - 20
Fokusgedeelte: Hebreërs 6:11,12
Dordtse Leerreëls 5: 11, 12
TEMA: ***Deur die sekerheid van die hoop tot die einde toe bewaar die Heilige Gees ons van onverskilligheid***
SING: Psalm 89: 1, 3, 6;
Psalm 111: 1, 4;
Psalm 9: 1, 2, 6, 7.

Dagboek

Vanaand 7 Apr:
PAAS-UITVOERING Potch Mannekoor
9 Apr: **Eiendoms-kommissie om 18:00**
19 Apr: **GOEIE VRYDAG**
21 Apr: **PAASSONDAG**

LIEF EN LEED

Ons dink in ons gebede aan **Marie du Preez** en haar dogter **Marné** wat in Bloemfontein woon. Marné is gediagnoseer met kolonkanker en behoort in die komende week met behandeling te begin. Mag die Here hulle in sy liefde vashou.

Ons dink ook aan 'n hele aantal van ons lidmate wat tuis aansterk na groot operasies asook lidmate wat nie meer kans sien om eredienste by te woon nie. Ons bid dat die Here hulle sal vertroos en dra.

Prof Callie Coetzee en Susan sal DV van **11 tot 22 April** met verlof wees. Besondere gevalle in die wyke waarvoor prof Callie verantwoordelik is moet asseblief aan die ouderling en/of ds Ronald deurgegee word.

VAN ALLES EN NOG WAT

KOLLEKTES: Vandag en elke Sondag: Onder die erediens vanoggend vir **Barmhartigheid**. By deure vir **ons Jeug**
Volgende Sondag se kollekte die oggend vir **Teologiese Studentekas**

VAN ALLES EN NOG WAT

KATEGESE
Vandag moet julle **Les 8** en **Psalm 119: 22A** ken.
Maandag 8 April lees *Laat my lammers wei.* Hoofstuk 75.
Volgende Sondag moet julle **Les 9** en **Psalm 119: 22B** leer.

BYBELSTUDIES Ons weeklikse Bybelstudies is soos volg:
Huis Eikelaan om 15:00 op Dinsdae
Jongmense om 18:30 op Woensdae in Jeugkamer
Oggendbybelstudie Donderdae om 9:30 in konsistorie.
Donderdagaande om 18:30 in konsistorie.

VERGADERINGS
9 April: Eiendomskommissie vergader om 18:00 in die kantoor
17 April: Finansiëlekommissie vergader om 18:00.

VAN ONS DIAKONIE

Die kollekte vir **Barmhartigheid** Sondag 31 Maart 2019 was R 4 840.
Die kollekte ten bate vir die **Teologiese studentekas** was R 2 280.

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Ons wens elke doop- en belydende lidmaat wat gedurende hierdie week verjaar, baie geluk met sy/haar verjaardag:

8 April **Anja Bouwsema,** Peplerstraat 13, ☎ 076 548 3340. Wyk E1
Hendrien Venter, Huis Eikelaan TB 606, ☎ 083 440 1396. Wyk C1
9 April **Mandie de Klerk,** Tramontowoonstel 51, ☎ 082 709 8659. Wyk E3
10 April **Roy Bartlett,** D'Astrisstraat 3. Wyk E2
Lorraine Smit, Goetzstraaat 7, ☎ 079 773 9579. Wyk B5
11 April **Estie Duvenage,** Vyfhoek Hoewe 240, ☎ 083 589 3105. Wyk A1
12 April **Abigail Bain,** De Wetstraat 4, ☎ 018 293 2116. Wyk E1
Nanna du Plessis, Huis Anna Viljoen, ☎ 018 290 8880. Wyk B5
Henna Labuschagne, The Willows 5, ☎ 084 260 6193. Wyk A1
13 April **Hannes Coetzer,** Adrinawoonstel 212, ☎ 072 286 7305. Wyk B7

♫♫♫